

## Wiskunde 2 – Graad 4

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (sien voorbeeld 1 hieronder). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (sien voorbeeld 2 hieronder).

Voorbeeld 1:- 

4.	a	b	<del>c</del>	d
----	---	---	--------------	---

Voorbeeld 2:- 

4.	a	<del>b</del>	<del>c</del>	d
----	---	--------------	--------------	---

**Nuttige wenk:**– As jy getalsinne het wat verskillende bewerkings gebruik, pas die reël van **HADVOA** toe, wat die volgorde van bewerkings is:- Eerstens, bereken dit wat tussen **Hakies** is, dan **Ander** (van, vierkantwortels, mag van, ens.), dan **Deel** en **Vermenigvuldig** (van links na regs wat ook al eerste kom) en dan laastens, **Optel** en **Aftrek** (ook van links na regs).

1. **Bereken:**  
 $309 + 209 = \dots? \dots$   
(a) 100 (b) 5 018 (c) 5 418 (d) 518

**Het jy geweet?**

2. **Wat is die antwoord van  $4\ 502 - 675$ ?**  
(a) 2 173 (b) 3 827 (c) 1 173 (d) 3 837

- Faktore en veelvoude** is **VERSKILLENDE** goed, maar hul albei behels vermenigvuldiging.
- Faktore** is die getalle wat ons met mekaar kan vermenigvuldig om 'n ander getal te kry. 'n **Faktor** is 'n getal wat presies in deel in 'n ander getal, bv., die faktore van 12 is 1, 12, 2, 6, 3, 4 want hulle kan almal presies in 12 in deel.
- 'n **Veelvoud** is die **resultaat** van die vermenigvuldiging van 'n getal met 'n **heelgetal** (nie 'n breuk nie).  $6 \times 2 = 12$ , so 12 is 'n veelvoud van 6 en 'n veelvoud van 2.
- Afronding** beteken om 'n getal eenvoudiger te maak, maar die waarde te hou na aan wat dit was. Jy kan afrond tot die naaste 10:- Die getalle 81, 82, 83 en 84 sal almal afrond na 80. Die getalle 85, 86, 87, 88 en 89 sal almal afrond na 90.
- Vierhoeke** is 2D vorms met vier sye, bv., vierkant, reghoek, mit parallellogram en trapezium.
- Veelhoeke** is 2D vorms met 3 of meer reguit sye. 'n driehoek 3 sye, vierhoeke 4 sye, pentagone 5 sye, heksagone 6 sye, heptagone 7 sye, oktogone 8 sye, negehoeke 9 sye, dekahagone 10 sye, ens.
- Reëlmatige veelhoeke** het gelyke hoeke en gelyke sye.
- Onreëlmatige veelhoeke** het sye met verskillende lengtes.
- 10 mm = 1 cm; 100 cm = 1 m; 1 000 m = 1 km.
- 60 sekondes = 1 minuut; 60 minute = 1 uur.



Die getalle in die buite sirkels, vermenigvuldig met die getalle aan die oorkant, gee vir jou die antwoord in die sentrale sirkel.  
Bv.  $1 \times 24 = 24$

3. **Wat is die waarde van A?**  
(a) A = 12 (b) A = 4  
(c) A = 8 (d) A = 72

**Getalwaardes**

4. **Bereken die som van die onewe getalle in die driehoek.**

- As 'n getal opgebreek word in groepe van 5, gaan dit die lees daarvan vergemaklik. Byvoorbeeld, 65 432 kan makliker gelees word as dit so geskryf word: **65 432**.
- Onthou, elke **syfer** in 'n **getal** is belangrik en het sy eie **waarde**. sien voorbeeld hieronder.



- (a) 20 (b) 13 (c) 32 (d) 12

In die bostaande getal, is die syfer 1 groter as die syfer 8. Dit is omdat die **syfer 1** eintlik **100 000** werd is en die **syfer 8** net **80** werd is. Jy moet die plekwaarde van getalle leer sodat jy die syfers in hul korrekte plekke kan plaas. Kyk voorbeeld onder as desimale getalle ingesluit word. As desimale getalle opgetel en afgetrek word, sorg altyd dat die desimale punte onder mekaar is.


5. **Watter van die lysste, (a) – (d), verteenwoordig getalle gerangskik in stygende volgorde?**

**Skaal van plekwaardes**

Telgetal			Desimale breuk (getal)			
5	9	58	5	9	58	
Duisende	Honderde	Tiene	Ene	tiendes	honderdstes	duisendstes
5 000	900	50	8 of 5	0,9	0,05	0,008
			of $\frac{9}{10}$	of $\frac{5}{100}$	of $\frac{8}{1\ 000}$	
Groter telgetalle			Kleiner desimale breuke			


- (a) 632; 623; 362; 663; 236  
(b) 236; 263; 362; 623; 632  
(c) 263; 236; 326; 632; 362  
(d) 326; 236; 362; 632; 263

6. **Hoeveel 250 ml koppies sal gebruik word om die 1 l houer vol te maak?**



- (a) 4 (b) 5 (c) 10 (d) 8

Bestudeer die staafgrafiek onder vir vrae 7 – 11.



7. Watter klas het die meeste meriete punte vir die week gekry?

- (a) 4,1 (b) 4,2 (c) 4,3 (d) 4,4

8. Watter klas het die minste meriete punte vir die week verdien?

- (a) 4,1 (b) 4,2 (c) 4,3 (d) 4,4

9. Tel op die totale aantal meriete punte verdien deur Klas 4,1 en Klas 4,4. Dit is gelyk aan .....


- (a) 30 (b) 25 (c) 55 (d) 45

10. Hoeveel meer meriete punte het Klas 4,4 as Klas 4,3 gekry?

- (a) 5 (b) 20 (c) 10 (d) 15

11. Wat is die totale aantal meriete punte wat die graad 4's verdien het vir die week?

- (a) 95 (b) 16 (c) 60 (d) 80



(Wenk: 1 uur = 60 minute, halfuur = 30 minute)

12. Hoe lank was die vlug?

- (a) 120 minute (b) 180 minute  
(c) 270 minute (d) 240 minute

$35 \text{ mm} = \underline{\hspace{1cm}} \text{ cm}$

13. Herlei die boonste meting vanaf millimeter tot sentimeter.

- (a) 3 mm 5 mm (b)  $3\frac{1}{2}$  cm  
(c) 3 cm 2 mm (d) 3 cm 1 mm

14. Tel die ☺ in die diagram om 'n getal te vorm.

D	H	T	E
	☺		
	☺		
	☺		
	☺		
	☺		☺
☺	☺		☺
☺	☺	☺	☺
☺	☺	☺	☺

- (a) 3 924 (b) 3 824 (c) 3 842 (d) 3 942

4C2 is 'n 3-syfergetal.

- (a) 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9

15. Watter syfers kan 'C' vervang om die getal ewe te maak?

- (a) Slegs 2, 4, 6 (b) Slegs 1, 3, 5, 7, 9  
(c) Slegs die ewe syfers (d) Al die gegewe syfers




$$\begin{array}{r} 5359 \\ - 237? \\ \hline 2984 \end{array}$$

16. Wees 'n speurder en vind die ontbrekende getal wat die ? vervang in die vierkant.

- (a) 1 (b) 2 (c) 3 (d) 5

Kyk na die diagram hieronder.



17. Wat is die waarde van 'A'?

- (a) 12 (b) 24  
(c) 26 (d) 36